
# SKEPPING SEISOEN 2025



# Kinders en Jeug Bybel studie

# Die Tema vir die Skeppingseisoen 2025 is "Vrede met die Skepping "

Hierdie boekie kan saam met die ander Skeppingseisoen bronmateriaal gebruik word en bevat Bybelstudie materiaal en voorstelle vir Sondag Bybelklasse of jeuggroepe.

Vrede is soveel meer as die blote afwesigheid van oorlog. Die woord *sjalom*, wat ons in die Hebreeuse Bybel teëkom dui iets veel diepers aan—dit gaan nie net oor die afwesigheid van konflik nie, maar sluit ook die herstel van gebroke verhoudings in. Dié herstel of regmaak sluit ook ons verhouding met God, met onsself, die menslike familie en die res van die Skepping in

Talle menslike aktiwiteite regdeur die geskiedenis het daartoe bygedra dat die Skepping verwoes en skade aangedoen is. Maar vandag, meer as ooit tevore, is daar sekere menslike aktiwiteite wat eintlik 'n soort oorlog teen die Skepping geword het. Ons menslike impak op die Skepping het uitgebrei van plaaslike tot globale proporsies deur ons onvolhoudbare leefstyle, oormatige verbruik van produkte, langdurige besoedeling en 'n weggooi kultuur.

Vir ons tema vanjaar fokus ons op tekste uit Jeremia. Die boek of Jeremia is vol kragtige beelde en profetiese waarskuwings oor die omgewing en Skepping. In **Jeremia 18:1–11**, lees ons oor die pottebakker besig om sy klei te vorm en dit weer spieël God se verhouding met die skepping — sowel die broosheid van die skepping as die hoop op vernuwing as mense hulle sal afkeer van hul vernietigende leefwyse. **Jeremia 4:11–12, 22–28** gee ons 'n vreesaanjaende beeld van die verwoesting van ons omgewing as gevolg van menslike dwaasheid: die aarde lê verlate, die hemele is donker en die stede puinhope. Hierdie ekologiese ineenstorting het nie maar sommer net gebeur nie—dit is die regstreekse gevolg van ons mense se morele en geestelike agteruitgang. In **Jeremia 8:18–9:1**, ween die profeet oor al die ellende in die land en onder die mense, hy rou oor 'n skepping wat swaar gebuk gaan onder onreg en verwaarlosing. Laastens, in **Jeremia 32:1–3a, 6–15**, koop Jeremia, te midde van krisis en vernietiging, 'n stuk grond as teken van hoop—hiermee wys hy sy vertroue in God se belofte van herstel. Saam dui hierdie Skriftekste die diep verband tussen geestelike gesondheid, geregtigheid en die welsyn van die skepping aan.



# WEEK EEN: DIE POTTEBAKKER SE KLEI

**BYBELSTUDIE:** Lees Jeremia 18:1–11

**OPSOMMING**
God stuur Jeremia die pottebakker se huis, waar hy sien hoe die pot was hy besig was om te maak misluk, en hoe hy weer oor begin. God sê toe, "Is Ek nie in staat om met Israel te maak soos hierdie pottebakker doen nie?" Hy waarsku dat Hy oor 'n volk wat kwaad doen, onheil sal bring—maar as hulle berou het, sal Hy hulle verlos en spaar. Hierdie beeld toon ons God se mag om te skep, te herskep en te red, asook ook verantwoordelik om op sy roepsten te antwoord.

**God as Skepper:** Net soos 'n pottebakker met liefde sy klei tot 'n voorwerp omskep, so het God die aarde geskep en aan ons sorg toevertrou.

**Menslike Impak:** Omdat mense onvolmaak is, doen ons skade aan ons omgewing deur besoedeling, oorbenutting, ontbossing ens.

**Berou en Hoop:** As ons bereid is om te verander, kan God ons help om die Aarde te herstel en ons toekoms in iets beters te omskep.

## VRAE

**1. Waarneming**
1. Wat gebeur in die pottebakker se huis?
2. Wat doen die pottebakker met die klei wat misluk het?
3. Wat is God se boodskap aan die mense?

**2. Interpretasie**
1. Waarom dink jy gebruik God die beeld van 'n pottebakker en klei?
2. Hoe leer die beeld van die pottebakker en die klei ons iets omtrent die skepping en ons sorg vir die omgewing?
3. Wat leer hierdie Skrifteks ons omtrent die moontlikheid van verandering en vernuwing?

**3. Toepassing – Omgewing Fokus**
1. Hoe het ons as die "mislukte klei" (individueel of as gemeenskap) God se skepping verwoes?
2. Watter impak het ons moderne leefstyl op die skepping?

## GEBED

Barmhartige God,
U is die Pottebakker wat die aarde en ons met sorg gevorm het; ons erken dat ons deur ons swakheid u handewerk skade aandoen. Ons het die grond uitgeput, die water besoedel en die skepsels wat U gevorm het seergemaak.

Soos hardkoppige klei, weier ons om te luister na u oproep tot verandering en berou. Vergewe ons al ons selfsug, gierigheid en apatie. Omskep ons opnuut om getroue bewakers van u skepping te wees, sodat ons u werk sal eerbiedig en die skoonheid van die aarde herstel. In Jesus naam bid ons.
**Amen.**

# JEUG AKTIWITEITE OF SONDAGSKOOL

Kies een of twee van dié oefeninge wat die beste by jou groep sal pas

### 1. Klei Skepping Werkskwinkel – " Omskep God se Wêreld "

**Resep vir Speelklei**

2 koppies water 2 koppies meel ½ koppie sout 2 eetlepels kookoplie. Voedselkleursel (opsioneel) Meng water, sout en kleursel. Kook totdat oplos. Voeg kookolie en meel by kokende water en meng. Knie dit totdat dit sag en egalig

**Aktiwiteit:** Gee klei of speelklei aan die kinders en vra hulle om iets te skep (dier, boom, aarde, of houer). Laat hulle dan toe om dit weer te omskep terwyl jy aan hulle verduidelik hoe God besig is om ons te herskep—en hoe ons kan help om die aarde in 'n beter plek te omskep.

**Boodskap:** God is die Pottebakker—ons is die klei. Net soos die aarde het God ons met 'n doel geskep. Watter soort wêreld wil ons help skep?

---

### 2. Skoonheid uit iets Stukkend – Herwinning Kunsprojek

**Aktiwiteit:** Gebruik goed wat weggegooi is (plasties, karton, botteldoppies) om mooi eko-kuns of mosaïek te maak.

**Boodskap:** Net soos God 'n stukkende houer kan omskep en nuut maak, so kan ons help om ons besoedelike wêreld te "omskep". Daar is niks wat nie gered kan word nie—dit sluit die Aarde in.

### 3. Plant vir Vrede

**Aktiwiteit:** Plant 'n boom of begin saam 'n tuintjie aanlê. Laat die jeug potte versier met Jeremia 18:6.


**Boodskap:** Net soos die pottebakker lewe uit die klei voortbring, so word ons geroep om lewe uit die grond te kweekl. Ons deel in God se voortgesette werk van herstel en heling.

---

### 4. " Pottebakkerswiel " Drama Skets

**Ouderdom:** Jeug
**Aktiwiteit:** Skep 'n kort skete of mimiek van Jeremia se beesoek aan die pottebakker se huis, praat oor hoe ons menslike aksies die skepping van beskadig of genees.

**Boodskap:** God waarsku ons, maar Hy gee ook tweede kanse—aan mense en aan die planeet.



# WEEK TWEE “ Wanneer die Aarde Treur ”

**BYBELSTUDIE:** Lees Jeremia 4:23–26

**OPSOMMING**

*“Ek het na die aarde gekyk, en kyk, dit was woes en leeg, ook na die hemel, en daar was geen lig nie.”*

*(Jeremia 4:23)*

Jeremia het ‘n vreeslike visoen ervaar van die aarde wat woes en leeg raak, ‘n eggo van Genesis 1:2. Die berge bewe, voëls vlug, stede stort ineen, en die vrugbare land word ‘n woestyn. Hierdie is nie net digkuns nie—dit is ’n profetese waarskuwing. Die aarde kreun onder die gewig van die mens se opstand teen God en die onreg wat die mensa an die natuur doen. Hierdie Skrifteks beeld die omgekeerde van die skeppingsverhaal uit. Waar God eens op ‘n tyd orde en lewe gebring het, bring die sonde nou chaos en verwoesting.

- Die ekologiese ineenstorting weerkaats die geestelike en morele ineenstorting van ons samelewing.
- Die Aarde staan nie apart van menslike aksie nie—ons keuses het ‘n diep impak.
- God treur nie net oor die mense nie, maar oor die hele skepping.

**Tema:** Die ekologiese ineenstorting is die gevolg van menslike sonde en ongehoorsaamheid.

**Kern Boodskap:** Wanneer die mens sy rug keer op God en geregtigheid, ly die hele skepping daaronder. Dié Skrifteks is beide ‘n waarskuwing en oproep tot berou en herstel.

## VRAE

**1. Waarneming:**

Lees Jeremia 4: 23 “Ek het na die aarde gekyk, en kyk, dit was woes en leeg, ook na die hemel, en daar was geen lig nie. Vers 23 weerspieël Genesis 1:2. “2Die aarde was woes en leeg, en donkerte was oor die oerwater. Maar die Gees van God het oor die water gesweef.”

1. Waarom, dink jy, het Jeremia hierdie soort taal gekies?
2. Watter van die verse raak jou die meeste aan oor ons ekologiese verwoesting?
3. Watter van hierdie ekologiese skade sien jy in jou gemeenskap en land?
4. Watter ander ekologiese kwessies staar ons in land in die gesig?
5. Hoe maak Jeremia van die natuur gebruik om oor God se oordeel na te dink?
6. Wat is die verhouding tussen die sonde en die toestand van die aarde in hierdie teks?

## GEBED

*Gebaseer op Jeremia 4:23-28*

Barmhartige God,
ons bely dat ons van U afgedwaal het,
En nou kreun die aarde onder die las van ons sondes.
Die land is gebroke en leeg,
die hemele donker, en die landerye verwoes.
Ons het u waarskuwingstekens verontagsaam,
en selfsug bo medelye gekies en nie geluister
na die noodkrete van u skepping nie.
Vergewe ons die hardheid van ons harte
en vernuwe ons gees, sodat ons in harmonie
mag saamleef met alles wat U gemaak het.
Herstel ons, o Here, dat ons met deernis die
aarde sal bewandel en die skoonheid
van u handewerk sal koester. **Amen.**

# JEUG AKTIWITEITE OF SONDAGSKOOL

Kies een of twee van dié oefeninge wat die beste by jou groep sal pas

### 1. Omgewings Kollage – "Die Skepping in Krisis " (6–18-jariges)

**Materiaal:** Ou koerante, tydskrifte, gom, karton, skêr

**Instruksies:**

1. Die kinders sny prente uit wat handel oor ontbossing, besoedeling, droogte en die skade wat die omgewing aangedoen word.
2. Rangskik die prente in 'n kollage wat wys hoe die natuur ly.
3. Laat die kinders 'n bietjie daaroor nadink en hoe die kollage met Jeremia se visoene ooreenstem.

**Aanknopingspunt vir bespreking:** Watter prente het jou getref? Watter soort oordeel of verwoesting word uitgebeeld?

---

### 2. Klankspel Drama – " Die Aarde Treur " ( 10–18- jariges)

**Materiaal:** Tuisgemaakte instrumente van ou huishoudelike items, herwonne materiaal, stem

**instruksies:**

1. Verdeel in groepies, skep ;n kort klankdrama oor die aarde wat treur (v.28), met harde klanke, lawaai, windgeluide, stilte, en noodkrete.
2. Deel hoe elke klank 'n beeld weergee uit die Skrifteks.

**Bespreking:** Hoe gebruik Jeremia die natuur om God se oordeel uit te druk?

### TEMA: Van Skepping na Chaos

### 3. " Van Lig na Duisternis " Skit (8–18-jariges)

**MATERIALE:** Eenvoudige verhoogstukke, flitslig, materiaal.

**instruksies:**

1. Speel toneel en beeld so die transformasie van die skepping (Genesis 1) vanuit die chaos wat in Jeremia 4 beskryf word uit:
   duisternis, leegte, sidderende berge
2. Vergelyk en stel die twee teenoor mekaar op.

**Bespreking:** Waarom, dink jy, het Jeremia Genesis 1:2 nageboots om die verwoesting te beskryf?

---

### TEMA: Ons daaglikse se Keuses maak saak

### 4. Koolstof Voetafdruk Spel (10–18-jariges)

**MATERIALE:** Kaarte met alledaagse aksies op (byv., "het 'n plastiese strooitjie gebruik," "fietsry")

**instruksies:**

1. Verdeel in spanne, sorteer aksies in "goed" of "skadelik" vir die planeet.
2. Bespreek eenvoudige veranderinge in leefstyl wat die skade aan die planeet kan verminder.

**Bespreking:** Hoe dra ons moderne leefstyle by tot die skade aan ons omgewing?

5. Eko Verbintenis Boom ( 6–18-jariges)

**Materiale:** Papiervelle, merkers, boomtak

**instruksies:**

1. Elke kind/jeugdige skryf dit waartoe hy/sy hom-/haarself verbind op 'n vel papier (byv., "om my waterbottel te hergebruik," "die lgite af te skakel").
2. Hang nou die papiervelle aan 'n boom as simbool van hoe jy vir die skepping gaan sorg.

**Bespreking:** Hoe kan ons ons leefstyl verander om na God se skepping om te sien?

HOOP EN HERSTEL

TEMA: God se Barmhartigheid en Ons Sendingtaak

6. Herstellende Kuns – " God het nie opgegee het " (6–16-jariges)

**Materiale:** Stukkende goed of items wat weggegooi word (lap, ou speelgoed), gom, verf.

**instruksies:**

1. Skep kuns met al die stukkende goed om te wys dat hernuwing en hoop moontlik is.
2. Skryf die titel "God sal dit nie totaal vernietig nie."

**Bespreking:** Wet leer dit ons omtrent God se barmhartigheid en herstel?



# WEEK DRIE: GENEES DIE WONDE VAN DIE SKEPPING

**Bybelstudie:** Lees Jeremia 8:18–9:1

**OPSOMMING**

In dié Skrifgedeelte druk die profeet Jeremia sy diep angs uit oor die lyding en sonde van sy volk.

Hy word dikwels "die wenende profeet," genome, soos Jeremia radink oor Hod se gebroke hart vanweë die volk se onreg, afgodery en hardnekkige weiering om te verander. Sy lrouklaag herinner ons aan God se diep medelye met ons en God se verlange om ons te genees—selfs daar waar ons weggedraai van Hom. Die volk van Juda het hul rug op God gekeer en op valse veiligheid vertrou en die waarskuwings van die profete verontagsaam.

Jeremia is nie net besig om hulle te waarsku nie—hy treur en rou saam met hulle. Die beeldspraak van die graanoes wat verby is simboliseer die verspeelde kanse vir berou en genesing.

Die Skrifgedeelte eindig met 'n diep noodkreet: "Is daar dan nie balsam in Gilead nie?"—'n soeke na genesing weergalm deur geslagte heen. Balsem is ' n medisyne of velroom wat as geneesmiddel gebruik word.

**SKRIF**

"Hoor daar! Die hulpgeroep van die dogter van my volk uit 'n ver land: "Is die HERE nie in Sion nie? Is haar Koning nie in haar nie?....Die graanoes is verby, die someroes is agter die rug, maar ons, ons is nie gered nie!." – Jeremia 8:18–22

“Ag, was my hele kop maar water, en my oog ‘n fontein van trane, sodat ek dag en nag kon huil oor die gesneuweldes van die dogter van my volk!.” – Jeremia 9:1

**TEMA:** God se Smart en Ons Verantwoordelikheid

## VRAE

**1. WAARNEMING**

1. Watter emosies staan vir uit in hierdie Skrifgedeelte?
2. Wie is aan die praat in die teks, en hoew sou jy hulle stemtoon beskryf?
3. Waarom dink jy praat Jeremia met soveel smart?
4. Wat sê hierdie Skrifgedeelte vir ons oor hoe God oor lyding en sonde voel?
5. Vers 22 vra: “Is daar geen balsem in Gilead nie?” Wat sê hierdie vraag oor die volk se toestand en hulle hoop?

**2. TOEPASSING – PERSOONLIK**

1. Het jy al ooit soos Jeremia gevoel—hartseer oor die toestand van die skepping en die skade aan die omgewing in jou gemeenskap? Wat het jy daaromtrent gedoen?
2. Watse omgewingstoestande sal God vandag oor “ween” deur sy profete? Wie is die mense wat ly as genvolg van die skade aan die omgewing?
3. Wat het jy uit hierdie bespreking geleer – watter soort “balsem” (genesing) het jou gemeenskap of generasie die meeste nodig?

## GEBED

*Gebaseer op Jeremia 8:18, 22 en 9:1*

O God van die tromslag en die droogte,
van riviere wat diep vloei en ‘n hemel wat terugdink aan reën,
swaar sug ons harte, soo die droë wat op die eerste druppels wag. Ons sien die pyn van die aarde raak, en ons hoor sy noodkreet. Waar is die balsem vir die wonde van die skepping?
Waar kan die gebroke grond en gebroke gees weer heel word?
Vandag kom ons, soos roubeklaers in sak en as,
en ons bring ons smart en en smeek U om dit tot iets nuttigs te omskep.

Ons verbind onsself daartoe om sagter op u aarde te trap en die grond met sorg te benut, om die woude, die waters en die lewens daarbinne te behoed en te bewaar.
Maak van ons u genesers, o Here—wat die geneesmiddel van die liefde met ons saamdra, die krag van ons gemeenskap, en die wysheid van ons voorouers. Ontferm U oor ons klaaglied en maak daarvan ‘n lied van vernuwing. **Amen.**

# AKTIWITEITE VIR JEUG OF SONDAGSKOOL

Kies een of twee van dié oefeninge wat die beste by jou groep sal pas

## 1. Storie en Praat : " Jeremia se Trane "

Lees Jeremia 8:21–22.

Praat oor wat God vandag hartseer maak—soos besoedeling, ontbossing, vuil water, of diere wat hul tuiste verloor.

**Vra:** Hoe dink jy voel God wanneer die aarde so seerkry?

---

## 2. Skeur & Genees Aktiwiteit

Gee aan elke kind 'n papierhart.

Vra hulle om dit liggies te skeur soos hulle die dinge opnoem wat die aarde laat seerkry (byv. rommel, besoedeling, bevuiling, vermorsing van water).

Gee hulle dan kleeflint of pleisters om die hart te "geneesl" terwyl julle praat oor watter dinge gedoen kan word om die aarde weer gesond te maak.

---

## 3. Natuur Gebedstappie

Neem die kinders buitentoe. Vra hulle om na die skepping te kyk en te luister.

Stop by 3–4 plekke en bid 'n kort gebed:

- Dank U vir die voëls en diere
- Vergewe ons omdat ons die bome en riviere seermaak
- Help ons om die aarde weer gesond te maak

---

## 4. " Balsem vir die Aarde " Kuns

Kinders teken of verf hoe die aarde sou lyk as dit genees is—skoon riviere, diere, gelukkige mense.

Maak 'n opskrif: "Ons kan God se genesende hande wees!"

## 5. Smartdiens vir die Omgewing of Gedig

Vra die jeug om om kort stukies te skryf om die smart en hartseer uit te druk oor die vernietiging van hul omgewing.

**Voorbeelde:**
"O God, ons huil oor die riviere vol gemors…"
Deel hulle hardop of plaas die tekste op 'n kennisgewingbord of sosiale media.

---

## 6. Genesing-aksie Pro jek

Kies 'n spesifieke dag en maak julle omgewing skoon, plant bome, of begin met 'n herwinningsprojek..

Noem dit: "Balsem in Gilead vir die Skepping"
Laat elkeen later daaroor nadink: Hoe het dit jou laat voel? Wat is God dalk besig om hierdeur vir jou te probeer sê?

---

## 7. Skeppende Veldtog: " Die Aarde roep uit "

Maake plakate, videos, of stem opnames om te wys dat die Aarde besig is om te "ween" soos Jeremia.
Voeg die message: "Wees jy die genesing" by, met prakiese wenke oor eko-geregtigheid.

---

## 8. " Waar Is hdie Balse m? " Kaart Aktiwiteit

Teken op 'n groot plakaat die plekke in jou gemeenskap waar die omgewing groot skade ly (byv., 'n erg besoedelde stroom, 'n area waar die bosse uitgekap is).
Breinstorm "balsem" – genesende aksies vir elke plek (byv., maak mense bewus, maak skoon, pleit vir verandering).



# WEEK VIER: HARDNEKKIGE DADE VAN HOOP?

**BYBELSTUDIE:** Lees Jeremia 32:1–3a, 6–15

**OPSOMMING**

In dié Skrifgedeelte is Jeremia in die trunk terwyl Jerusalem deur die Babiloniërs beleër word. Ten spite van die chaos sê God vir hom om 'n stuk grond te koop — nogal 'n ongewone daad van hoop en langtermyn visie. Jeremia gehoorsaam en koop die grond en beklink die transaksie en verklaar, "Daar sal weer huise, landerye en wingerde in hierdie land gekoop word."

Selfs in tye van verwoesting, tree Jeremia in geloof op, en wys hy dat die land nog waarde het, end at God se belofte van herstel betrekking het op die mense sowel as die land.Hierdie Skrifgedeelte herinner ons daaraan da tons bewakers van die skepping is, nie net vir vandag nie, maar vir komende generasies. Selfs wanneer dit hopeloos lyk, moet on snog steeds voortgaan en optree.

## VRAE

**1. Waarneming:**

1. Waar was Jeremia toe hy die boodskap ontvang?
2. Wat is so ongewoon omtrent God se opdrag om 'n stuk grond tydens die beleg van Jerusalem te koop?
3. Wat doen Jeremia met die koopkontrak van die stuk grond?

**2. interpretasie:**

1. Waarom dink jy het God vir Jeremia gesê om op daardie tydstip die grond te koop?
2. Wat sê die aankoop van 'n stuk grond omtrent 'n mens se geloof in die toekoms?
3. Hoe is dit simbolies van God se verhouding met die land en sy mense?
4. Is daar vandag plekke wat ekologies al so verwoes is dat hulle onrebaar lyk—maar nog steeds hoop en herstel benodig?

**3. Aksie gefokusde oorpeinsing:**

1. Wat is die een klein dingetjie wat jy kan doen om te belê in die genesing van die aarde?
2. Watter langtermyn dade van hoop kan jou gemeenskap vandag doen? Hoe kan ons 'n verskil maak waarby toekomstige generasies sal baat?

## GEBED

Gaan nou, as kinders van die aarde en die lug,
Bewakers van die riviere, woude, en velde.
Loop saggies oor die grond,
praat mooi met die winde,
en lewe in vrede met die môreson.
Mag die ou wysheid van die land julle voetstappe lei,
en die gewyde ritmes van aarde en see jul harte besiel.
Neem die seënbede van die skepping saam waar julle ook al gaan
— om te genees, te hoop, en om vrede te bring. Amen

## AKTIWITEITE VIR JEUG OF SONDAGSKOOL

Kies een of twee van dié oefeninge wat die best by jou groep sal pas

### 1. " Hoop Veldblikkie "

**Materiale:** blikkies of koppies, grond, sade (soos boontjies of veldblomme), papier etikette

**instruksies:**
Elke kind vul 'n blikkie met grond en plant 'n saadjie daarin. Skryf op die etiket: "God sorg vir die Aarde. Ek ook."
Gee water en neem die blikkies huis toe en kyk hoe die saadjies groei—net soos Jeremia se stuk grond.

### 2. Speletjie: " Belê in die Skepping "

Maak speelgeld of bewyse. Stel betaalpunte op (byv., "Plant 'n boom" – 2 muntstukke, "Tel rommel op" – 1 muntstuk, "Kap 'n bos af" – 0 muntstukke). Die kinders besluit dan hoe hulle "geld" wil uitgee op maniere wat die skepping sal bewaar. Praat met hulle oor die regte besluite wat 'n goeie toekoms sal verseker.

### 3. Kreatiewe Aksie en: " Balsem vir die Aarde " Beleggingsbord

Skryf op 'n bord of 'n groot plakaat: "Watter stukke grond koop ons vir die Toekoms?"

Laat die jeug iets skryf of teken oor dit waartoe hulle hulself wil verbind (byv., plant bome, vermy plasties, sluit aan by 'n skoonmaakspan).

Hang dit waar almal dit kan sien en daaroor geïnspireer kan word.

### 4. Foto Uitdaging: #VeldVanHoop

Moedig die jeug aan om foto's te neem van groen ruimtes, tuine, of besoedelde area's wat hulle graag wil herstel. Plaas dit dan met opskrifte soos "Jeremia het 'n stuk grond gekoop.
Ek belê ook in die skepping."

# GEBED OM IN VREDE
# MET DIE SKEPPING TE LEEF

Skepper van alles,
ons loof U vir die gawe van die lewe
en vir die geloof wat ons verenig in ons sorg vir ons gesamentlike tuiste.

Ons bely dat ons afgedwaal en vervreemd geword het—
van mekaar, van u Skepping, en van ons ware self.
Ons erken dat ons gierigheid en vernietigende impulse
ons verhouding met U, met ander, en met die Aarde
groot skade aangedoen het.
Vrugbare grond het onvrugbaar geword, woude is verwoes,
oseane en riviere besoedel.
Voorspoedige gemeenskappe het in ellende verval,
en die aarde skreeu uit in nood.

Beminde Christus,
U wat "Sjalom" gesê het vir beangste harte, besiel ons om met medelye op te staan en iets te doen.
Laat ons werk om 'n einde te maak aan konflik,
en vir die volle genesing van gebroke verhoudings— met U, met die ekumeniese gemeenskap,
met die hele menslike familie, en met die ganse Skepping.

Vredevors,
leer ons, deur u wonde, om op te staan in solidartieit met die wonde wat ander moet verduur,
dié van die skepping en die hele wêreld. Omskep ons deur u Opstanding tot mense van hoop—
laat ons toekomsvisie dié wees van swaarde wat tot ploegskare omsmee word
en trane wat in vreugde omskep word.

Laat ons byeenkom as een familie,
om saam vir u vrede te werk—
' n sjalom waar u hele volk veilig mag saam woon,
en in stil plekke tot rus kom.
**Amen.**

Laai dié gebed en ander bronmateriaal af by
**www.afrikaanskatoliek.co.za**